# 'n Goeie teelseisoen begin by liggaamskondisie

**Deur: Sumé Loubser (Pr.Sci.Nat, Feedtek)**

Voeding en liggaamskondisie het die grootste basiese impak op die voortplantingsukses van ooie, met sekondêre faktore soos genetika, ras, tyd van die jaar, en lengte van dekperiode wat ook 'n rol speel.

### Korrelasie met reproduksie

Verskeie navorsingstudies dui op 'n direkte verband tussen liggaamskondisie en die reproduksiesukses van ooie. Dit sluit in besettingspersentasie, die aantal lammers wat gebore word en uiteindelik gespeen word. Die rede hiervoor is dat ovulasietempo sterk gekorreleer is met ooie se kondisie tydens die aanvang van die paarseisoen. 'n Goeie kondisietelling voor paring sal lei tot maksimale ovulasietempo en hoër embrio-oorlewing, asook verhoogde biesmelk- en melkproduksie tydens lam, en gevolglike swaarder speengewigte. Swakker kondisies tydens paring sal wisselvallige hittesiklusse veroorsaak, met gevolglike laer eiselproduksie en swakker besetting. Aan die ander kant sal oorvet ooie lei tot verlaagde vrugbaarheid en 'n vertraagde lamtyd.

### Doelgerigte voedingsbestuur

Ná speen moet die ooie so gou moontlik geklas word volgens kondisie en daarvolgens bestuur word. Op hierdie



manier kan die voerprogram noukeurig aangepas en beplan word om te verseker dat die ooi genoeg tyd gegun word vir herstel en toename in kondisie voor die ram bygesit word. Ooie moet 'n liggaamskondisie telling van minstens 3, maar verkieslik 3.5 behaal voor paring. Jy sou jouself kon afvra hoe 'n groot verskil 'n kondisiepunt van 0.5 nou regtig maak. Om dit in perspektief te stel: een kondisie punt is gelykstaande aan 12% liggaamsmassa, met ander woorde vir 'n 60 kg-ooi om een kondisie punt op of af te skuif moet sy omtrent 7.2 kg optel of verloor voor paring.

### Kondisieherstelltyd

In 'n 12 maande-lamstelsel is daar amper drie maande grasie tussen speen- en dektyd, wat vir die ooi meer as genoeg tyd gun om te herstel en toe te neem in kondisie. Dit gee aan die produsent baie ruimte om die voedingstatus aan te pas. In versnelde lamstelsels kan dit egter moeilik wees om te bereik, aangesien daar nie genoegsame tyd is vir die ooi om kondisie op te tel ná lam nie. In agt maande-lamstelsels word die ram al bygesit terwyl die ooie nog lammers soog, terwyl nege maande-lamstelsels slegs 'n paar weke tussen speen en dek toelaat. Al word die lammers vroeër gespeen, is dit duidelik dat sulke hoë vlakke van gewigsverandering soos hierbo genoem, nie sal realiseer in versnelde lamstelsels nie.

### Spesiale aandag belangrik

Die ooie se kondisie en gewig met speentyd, asook die beskikbare tyd tot paring, bepaal watter tipe voer of aanvulling die ooie nodig het. Die kondisie van ooie wat ná speen 'n goeie liggaamskondisietelling van 3 tot 3.5 het, moet onderhou word, terwyl dié met 'n kondisietelling onder 3 se voeding verhoog of aangepas moet word om te sorg vir voldoende toename. In versnelde lamstelsels moet 'n baie meer noukeurige voedingsbenadering egter gevolg word, aangesien die ooie regdeur die jaar in 'n ideale kondisie moet wees. Veral tydens laktasie moet ooie baie goeie voeding ontvang om kondisieverlies tot 'n minimum te beperk. Die voedingsbehoeftes van ooie in versnelde produksiestelsels is dus baie hoër as dié van ooie in 'n jaarstelsel en moet dus spesiale aandag kry.

Hierdie vorm van doelgerigte voeding volgens die ooie se spesifieke behoeftes is die mees koste-doeltreffende wyse om liggaamskondisie optimaal te bestuur vir maksimale voorplantingsukses. Kontak gerus u naaste Feedtek veekundige vir gespesialiseerde veevoedingsoplossings en advies.

Besoek **www.feedtek.co.za** vir meer inligting.

